Kix-pirasie

Die storie van KOFFIE

Gebruik hierdie gedeelte om Kix-leiers en -leidsters te inspireer. Vra hulle om nie vooraf daarna te kyk as hulle die Kix Koms deurgaan om voor te berei nie. Dan is dit vir hulle nuut met jul beplanningsvergadering.

Dink aan 'n reuk wat jou gelukkig maak. Gesels saam daaroor.

In die ou dae was koffie maar net koffie. Jy het goedkoop koffie gekry, gemaak van sigorei, en duur koffie, gemaak van koffiebone. Jou kon kies tussen kitskoffie en moerkoffie. Deesdae is koffie 'n spesialisveld en mens vind koffiewinkels oral. As jy in 'n koffiewinkel instap, hang die geur van koffie in die lug. Daar is 'n verskeidenheid om van te kies… koffiebone uit verskillende lande en allerhande koffiedrankies om te proe en te geniet soos espresso, cappuccino, americano, latté en nog vele meer.

Daar is 3 dinge wat koffie beïnvloed, naamlik - hoe dit groei; hoe die bone gerooster word en hoe die koffie voorberei en bedien word.



- **Groei** word beïnvloed deur die klimaat van die land waar dit vandaan kom, die tipe boon en die manier waarop dit ge-oes is.
- **Rooster** van koffie is 'n fyn kuns waarin die hitte en lengte van die proses die resultate bepaal. So kan 'n goeie koffieboon sy waarde verloor deur onder andere te lank gerooster te word, maar die waarde van 'n swakker boon kan styg in die hande van 'n bekwame vakman.
- **Voorbereiding** van koffie is goed bekend. Elkeen het sy eie smaak: filter of stoom, bedien met melk, room of suiker en nog baie ander opsies om van te kies.

Paulus beskryf gelowiges se diensbaarheid as volg:

"Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg… Julle gawe is vir God soos 'n lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig." Fil 4:18

"Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan." 2 Kor 2:15

Daar is verskillende dinge wat ons geloof beïnvloed soos: ons geestelike groei, ons omstandighede en ons reaksie daarop, asook ons diensbaarheid en offers.

Ons kan ons lewe vergelyk met dié van 'n koffieboon:



- **Groei** - dinge soos Bybel lees, bid, kerk, stilte, nadenke, lof en dank (net soos 'n koffieboon se groei die smaak beïnvloed).
- **Omstandighede** - uitdagings, probleme, moeilike sowel as goeie tye (net soos die proses van rooster die koffieboon se geur uitbring).
- **Diensbaarheid** - ons word gevorm deur die maniere waarop ons dien en deur God gebruik word (net soos koffie op verskillende manier voorberei en geniet kan word).

Gesels saam oor jou afgelope jaar:

- Hoe het jy geestelik gegroei?
- Watter uitdagings het jy ervaar?
- Hoe het jou betrokkenheid en diens by KIX jou geloof gevorm?

Baie dankie aan elkeen wat hierdie jaar as helper of leier diensbaar was by 'n KIX-groep!

"(Deur jou) versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur." 2 Kor 2:14b

Mag jy ook hierdie Kersfees aanhou om die aangename geur van Jesus se liefde te versprei!

Kersgroete!